NOTULE VAN DIE VERGADERING VAN U.K. GEHOU
24 MEI 1961.

1. TEENWOORDIG: Ds. P.S.Z. Coetzee (Voorsitter) Ds. J.J. Fourie, Die Alg. Sending Sekretaris en die Org. Sending-sekretaris.

Ds. D.S. Snyman open die vergadering met gebed.

2. Vorige notule word goedgekeur.

B U I T E L A N D .

3. SIEKTE P. MULLER R.K. TUSSENTYDSE REëLINGS (b):

Die Vergadering keur goed dat met die mediese koste in verband met die krankheid van Br. Muller gehelp sal word.

4. RADIOVERBINDINGE: R.K. 4/60:

Die Alg. Sendingsekretaris word magtiging verleen om tydens die a.s. Raadsvergadering in verband met hierdie saak die nodige reëlings te maak, soos deur die Voorsitter van die Sending Raad aan die hand gedoen.

5. MOTORTOELAAG R.K. 11/60:

Die saak word aan die Alg. Sendingsekretaris opgedra om met die eersvolgende Raadsvergadering hieroor met die personeel verder te raadpleeg en aan die volgende vergadering verslag te doen.

6. DIEFSTAL:

(a) KATETE R.K. 20/60: MADZIMOYO R.K. 21/60:

Die S.A.S.K. sal hierdie verliese dra.

7. OPERASIE MEJ. J. TERBLANCHE R.K. 23/60 (a):

Kennis word hiervan geneem en sal die nodige aandag geniet wanneer die aansoek om hulp gedoen word.

8. AANKOOP 7 TON VRAGMOTOR VIR OPV. DEPT. R.K. 32/60:

Indien die aankoop van hierdie vragmotor geen finansiële verpligtings vir die Sending meebring, kan dit aangekoop word.

2/.....

9. INWYDING HOSPITAAL KAMOTO R.K. 44/60:

'n Telegram van gelukwensing sal 6 Junie gestuur word.

'n Gedenkplaat sal aangebring word ter gedagtenis van die skenking van £1000 deur Mnr. J. Minnaar.

10. STUDEERKAMER KATETE PASTORIE R.K. 46/60:

Goedgekeur.

11. AFGEVAARDIGDES NA DIE BUITELAND:

(i) Die U.K. besluit dat Ds. Coetzee hom gereed hou om te gaan na die Buiteland indien nodig, en neem kennis daarvan dat hy gereed is om te gaan.

(ii) Dog gesien die feit dat een van die S.A.S.K. lede te wete Ds. de Vos Grobbelaar daar sal wees as verteenwoordiger van die M.A.S. en Ds. Chris Kok die afgevaardigde van die Sendingkerk ook daar sal wees, dit nie nodig is dat Ds. Coetzee ook gaan nie.

(iii) Gesien die finansiële oorweging, oordeel die U.K. dat die ekstra koste nie gemaak moet word nie, aangesien die S.A.S.K. ook reeds die kostes vir Prof. H.D.A. du Toit daarheen moet betaal. Dog as dit noodsaaklik blyk dat Ds. Coetzee se teenwoordigheid daar verlang word, sal ekstra koste ook aangegaan word.

12. OPDRAGTE AAN AFVAARDIGING:

Die vergadering gee aan die Alg. Sendingsekretaris opdragte in verband met sekere sake indien hulle met die eersvolgende Sinode van die Inheemse Kerk geopper word.

13. MEVR. VENTER, BONUS:

Die U.K. besluit om 'n bedrag van £25.0.0. aan Mevr. Venter te stuur.

3/...